REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Government Gazette
Staatskoerant

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded)/(AVB uitgesluit)
Local **50c** Plaaslik
Other countries **70c** Buitelands
Post Free • Posvry

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 264 PRETORIA, 19 JUNE JUNIE 1987 No. 10778

PROCLAMATION

by the

State President of the Republic of South Africa

No. 99, 1987

AGREEMENT ON EXTRADITION BETWEEN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND THE REPUBLIC OF TRANSKEI ENTERED INTO IN TERMS OF THE EXTRADITION ACT, 1962 (ACT 67 OF 1962)

The Agreement on Extradition contained in the Schedule hereto is hereby published in terms of section 2 (3) (a) of the Extradition Act, 1962 (Act 67 of 1962).

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Third day of June, One thousand Nine hundred and Eighty-seven.

P. W. BOTHA,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

H. J. COETSEE,
Minister of the Cabinet.

SCHEDULE

AGREEMENT ON EXTRADITION BETWEEN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND THE REPUBLIC OF TRANSKEI

PREAMBLE

WHEREAS the Government of the REPUBLIC OF SOUTH AFRICA and the Government of the REPUBLIC OF TRANSKEI recognise the friendly relations existing between their peoples; and

WHEREAS the said Governments are desirous to regulate by agreement their relations in the sphere of extradition of offenders;

NOW, THEREFORE, the Government of the REPUBLIC OF SOUTH AFRICA and the Government of the REPUBLIC OF TRANSKEI (hereinafter referred to as the "Parties") agree as follows:

PROKLAMASIE

van die

Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 99, 1987

UITLEWERINGSOOREENKOMS TUSSEN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE REPUBLIEK VAN TRANSKEI AANGEGAAN INGEVOLGE DIE WET OP UITLEWERING, 1962 (WET 67 VAN 1962)

Die Uitleweringsooreenkoms vervat in die Bylae hiervan word hierby ooreenkomstig artikel 2 (3) (a) van die Wet op Uitlewering, 1962 (Wet 67 van 1962), gepubliseer.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Derde dag van Junie, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-tagtig.

P. W. BOTHA,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

H. J. COETSEE,
Minister van die Kabinet.

BYLAE

OOREENKOMS TUSSEN DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK VAN TRANSKEI MET BETREKKING TOT UITLEWERING

AANHEF

NADEMAAL die Regering van die REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA en die Regering van die REPUBLIEK VAN TRANSKEI die vriendskaplike betrekkinge wat tussen hulle mense bestaan, erken; en

NADEMAAL die genoemde Regerings begerig is om by wyse van ooreenkoms hulle betrekkinge op die gebied van uitlewering van oortreders te reël;

SO IS DIT dat die Regering van die REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA en die Regering van die REPUBLIEK VAN TRANSKEI (hieronder die "Partye" genoem) soos volg ooreenkom:

ARTICLE 1

OBLIGATION TO EXTRADITE

The Parties undertake to surrender to each other, subject to the provisions of this Agreement, any person who is accused or convicted of the commission within the jurisdiction of the requesting Party of an offence specified in Article 2 and who is in the territory of the requested Party.

ARTICLE 2

EXTRADITABLE OFFENCES

(1) Extradition shall be granted, in the case of a person accused, in respect of any act which is an offence under the laws (including the common law) of both the requesting Party and the requested Party and punishable in terms of such laws by a sentence of imprisonment for a period of not less than six months or by some more severe penalty other than a fine alone.

(2) Extradition shall be granted, in the case of a person convicted of and sentenced for such an offence, for the purpose of executing such sentence or the balance of such sentence, irrespective of the period of imprisonment or other more severe penalty imposed.

(3) If the request for extradition relates to more than one offence, the punishment for some of which is less than that prescribed in paragraph (1) of this Article, the requested Party may in its discretion grant extradition for the latter offences also.

ARTICLE 3

POLITICAL OFFENCES

Extradition may be refused if the offence in respect of which it is requested is regarded by the requested Party as a political offence.

ARTICLE 4

MILITARY OFFENCES

Extradition shall not be granted in respect of any offence under military law if such offence is not an offence under ordinary criminal law.

ARTICLE 5

CAPITAL PUNISHMENT

When the offence for which extradition is requested is punishable by death under the laws of the requesting Party, and the laws of the requested Party do not permit such punishment for that offence, extradition may be refused unless the requesting Party provides such assurance as the requested Party considers sufficient that the death penalty, if imposed, will not be executed.

ARTICLE 6

PENDING PROCEEDINGS FOR THE SAME OFFENCE

The requested Party may refuse to surrender any person if the competent authorities of such Party are proceeding against such person in respect of the offence or offences for which extradition is requested.

ARTIKEL 1

VERPLIGTING OM UIT TE LEWER

Die Partye onderneem om, behoudens die bepalings van hierdie Ooreenkoms, enige persoon wat beskuldig word van of veroordeel is weens die pleging binne die jurisdiksie van die Party van wie die versoek uitgaan, van 'n misdryf gespesifiseer in Artikel 2 en wat hom bevind in die gebied van die Party tot wie die versoek gerig word, aan mekaar uit te lewer.

ARTIKEL 2

UITLEWERINGSMISDRYWE

(1) Uitlewering word in die geval van 'n beskuldigde persoon toegestaan ten opsigte van enige daad wat 'n misdryf is ingevolge die reg (insluitende die gemene reg) van sowel die Party van wie die versoek uitgaan as dié van die Party tot wie die versoek gerig word, en wat ingevolge sodanige reg strafbaar is met 'n vonnis van gevangenisstraf vir 'n tydperk van nie minder as ses maande nie of met 'n ander swaarder straf as net 'n boete.

(2) Uitlewering word toegestaan, in die geval van 'n persoon wat weens so 'n misdryf skuldig bevind en gevonnis is, vir doeleindes van die uitvoering van sodanige vonnis of die oorblywende gedeelte van sodanige vonnis, ongeag die tydperk van gevangenisstraf of ander swaarder straf opgelê.

(3) Indien die versoek om uitlewering betrekking het op meer as een misdryf, vir sommige waarvan die straf minder is as dié voorgeskryf in paragraaf (1) van hierdie Artikel, kan die Party tot wie die versoek gerig word, volgens sy diskresie ook uitlewering ten opsigte van laasgenoemde misdrywe toestaan.

ARTIKEL 3

POLITIEKE MISDRYWE

Uitlewering kan geweier word indien die misdryf ten opsigte waarvan dit versoek word, deur die Party tot wie die versoek gerig word, as 'n politieke misdryf beskou word.

ARTIKEL 4

MILITÊRE MISDRYWE

Uitlewering word nie toegestaan ten opsigte van 'n misdryf ingevolge militêre reg indien sodanige misdryf nie 'n misdryf ingevolge die gewone strafreg is nie.

ARTIKEL 5

DOODSTRAF

Wanneer die misdryf waarvoor uitlewering versoek word kragtens die wette van die Party van wie die versoek uitgaan, met die dood strafbaar is en die wette van die Party tot wie die versoek gerig word, nie sodanige straf vir daardie misdryf toelaat nie, kan uitlewering geweier word tensy die Party van wie die versoek uitgaan, sodanige versekering verskaf as wat die Party tot wie die versoek gerig word, as voldoende beskou, dat die doodstraf, indien opgelê, nie voltrek sal word nie.

ARTIKEL 6

HANGENDE VERVOLGINGS WEENS DIESELFDE MISDRYF

Die Party tot wie die versoek gerig word, kan weier om 'n persoon uit te lewer indien die bevoegde owerheid van daardie Party sodanige persoon vervolg weens die misdryf of misdrywe ten opsigte waarvan uitlewering versoek word.

ARTICLE 7

PROCEEDINGS AND SENTENCES FOR DIFFERENT OFFENCES

When the person whose extradition is requested is being proceeded against or is serving a senctence in the territory of the requested Party for an offence other than that for which such extradition has been requested, his surrender may be deferred until such proceedings have been concluded or such or any other sentence has been served or executed.

ARTICLE 8

NON BIS IN IDEM

Extradition shall not be granted if final judgment has been passed by the competent authorities of the requested Party upon the person claimed in respect of the offence or offences for which extradition is requested. Extradition may be refused if the competent authorities of the requested Party have decided either not to institute or to terminate proceedings in respect of the same offence or offences.

ARTICLE 9

LAPSE OF TIME

Extradition shall not be granted if the person claimed has, according to the law of either the requesting or the requested Party, become immune by reason of lapse of time from prosecution or punishment for the offence for which his extradition is requested.

ARTICLE 10

CHANNEL OF COMMUNICATION

(1) The request for extradition shall be communicated in writing through the diplomatic channel as provided for in Article 11 or through the direct channel as provided for in Article 12.

(2) Any response to a request for extradition shall be directed to the requesting Party through the same channel as the request was communicated.

ARTICLE 11

REQUEST THROUGH THE DIPLOMATIC CHANNEL

The request for extradition through the diplomatic channel shall be accompanied by—

(a) if the person claimed is a person accused, the original or a certified copy of the warrant for his arrest or court order having the same effect issued in accordance with the law of the requesting Party, as well as *prima facie* evidence of the commission of the offence by such person;

(b) if the person claimed is a person convicted, the original or a certified copy of such part of the record of the proceedings as reflects the charge, the conviction, and, if he has been sentenced, the enforceable sentence and a statement showing how much of the sentence has not been carried out;

(c) a statement of the offence for which extradition is requested, in which the time and place of its commission, its legal description and a reference to the relevant legal provisions shall be set out as accurately as possible;

(d) if the offence is one under statute law, a copy of the relevant enactments; and

ARTIKEL 7

VERVOLGINGS EN VONNISSE WEENS ANDER MISDRYWE

Wanneer die opgeëiste persoon vervolg word of 'n vonnis uitdien in die gebied van die Party tot wie die versoek gerig word, weens 'n ander misdryf as dié waarvoor sodanige uitlewering versoek word, kan sy oorhandiging uitgestel word tot sodanige vervolging afgehandel is of sodanige of enige ander vonnis uitgedien of uitgevoer is.

ARTIKEL 8

NON BIS IN IDEM

Uitlewering word nie toegestaan nie indien finale uitspraak deur die bevoegde owerheid van die Party tot wie die versoek gerig word, gegee is teen die opgeëiste persoon weens die misdryf of misdrywe ten opsigte waarvan sy uitlewering versoek word. Uitlewering kan geweier word indien die bevoegde owerheid van die Party tot wie die versoek gerig word, besluit het om, ten opsigte van dieselfde misdryf of misdrywe, òf nie 'n vervolging in te stel nie òf die vervolging te staak.

ARTIKEL 9

VERLOOP VAN TYD

Uitlewering word nie toegestaan nie indien die opgeëiste persoon, ingevolge die reg van òf die Party van wie die versoek uitgaan òf die Party tot wie die versoek gerig word, weens die verloop van tyd vry is van vervolging of straf ten opsigte van die misdryf waarvoor sy uitlewering versoek word.

ARTIKEL 10

KANAAL VIR KOMMUNIKASIE

(1) Die versoek om uitlewering moet skriftelik gerig word langs die diplomatieke kanaal soos voorgeskryf in Artikel 11 of langs die direkte kanaal soos voorgeskryf in Artikel 12.

(2) Enige antwoord op 'n versoek om uitlewering moet langs dieselfde kanaal as dié waardeur die versoek gerig was, aan die Party van wie die versoek uitgaan, gerig word.

ARTIKEL 11

VERSOEK LANGS DIE DIPLOMATIEKE KANAAL

Die versoek om uitlewering langs die diplomatieke kanaal gaan vergesel van—

(a) indien die opgeëiste persoon 'n beskuldigde is, die oorspronklike of 'n gesertifiseerde afskrif van die lasbrief vir sy inhegtenisneming of hofbevel met dieselfde strekking uitgereik ooreenkomstig die reg van die Party van wie die versoek uitgaan, sowel as *prima facie*-getuienis van die pleging van die misdryf deur sodanige persoon;

(b) indien die opgeëiste persoon alreeds skuldig bevind is, die oorspronklike of 'n gesertifiseerde afskrif van sodanige deel van die notule van die verrigtinge as wat die aanklag, die skuldigbevinding, en, indien hy reeds gevonnis is, die afdwingbare vonnis weerspieël en 'n verklaring wat aandui hoeveel van die vonnis nog nie uitgevoer is nie;

(c) 'n uiteensetting van die misdryf waarvoor uitlewering versoek word, waarin die tyd en plek van die pleging daarvan, die juridiese omskrywing daarvan en 'n verwysing na die betrokke regsbepalings so noukeurig moontlik uiteengesit moet wees;

(d) indien die misdryf een is ingevolge statutêre reg, 'n afskrif van die tersaaklike wetsvoorskrifte; en

(e) a statement setting out as accurately as possible a description of the person claimed, together with any other information which will help to establish his identity:

Provided that the statements referred to in (b), (c) and (e) may be contained in the letter of request.

ARTICLE 12

DIRECT REQUEST

If a request for extradition is not communicated through the diplomatic channel, the Attorney-General of the requesting Party may submit the request to the Attorney-General of the requested Party and such request shall be accompanied by—

(a) if the person claimed is a person accused, the original or a certified copy of the warrant for his arrest, or court order having the same effect, issued in accordance with the law of the requesting Party, as well as *prima facie* evidence of the commission of the offence by such person, or a summary of the substantial facts of the case;

(b) if the person claimed is a person convicted, the original or a certified copy of such part of the record of the proceedings as reflects the charge, the conviction, and, if he has been sentenced, the enforceable sentence and a statement showing how much of the sentence has not been carried out;

(c) a statement of the offence for which extradition is requested, in which the time and place of its commission, its legal description and a reference to the relevant legal provisions shall be set out as accurately as possible;

(d) if the offence is one under statute law, a copy of the relevant enactments; and

(e) a statement setting out as accurately as possible a description of the person claimed together with any other information which will help to establish his indentity:

Provided that the statements referred to in (b), (c) and (e) may be contained in the letter of request.

ARTICLE 13

RECIPROCAL ENDORSEMENT OF WARRANTS OF ARREST

(1) Any magistrate in the territory of the requested Party to whom is produced or who receives a warrant referred to in Article 12 may endorse it for execution if he is satisfied that it was lawfully issued, whereupon it shall be executed in the manner prescribed in respect of warrants of arrest under the laws of the requested Party relating to criminal procedure.

(2) Any person detained under a warrant endorsed in terms of this article shall as soon as possible be brought before a magistrate in the territory of the requested Party whereupon such magistrate shall, subject to the laws of the requested State relating to extradition, hold an enquiry with a view to the surrender of such person to the requesting Party.

(3) If the magistrate finds that the person brought before him is liable to be surrendered to the requesting Party he shall issue an order for his surrender to the requesting Party.

(e) 'n uiteensetting waarin 'n beskrywing van die opgeeiste persoon so noukeurig as moontlik uiteengesit word, tesame met enige ander inligting wat sal help om sy identiteit vas te stel:

Met dien verstande dat die uiteensettings waarna in (b), (c) en (e) verwys word in die versoekbrief vervat mag word.

ARTIKEL 12

DIREKTE VERSOEK

Indien 'n versoek om uitlewering nie langs die diplomatieke kanaal gerig word nie, kan die Prokureur-generaal van die Party van wie die versoek uitgaan, 'n versoek rig aan die Prokureur-generaal van die Party tot wie die versoek gerig word, en sodanige versoek gaan vergesel van—

(a) indien die opgeëiste persoon 'n beskuldigde is, die oorspronklike of 'n gesertifiseerde afskrif van die lasbrief vir sy inhegtenisneming of hofbevel met dieselfde strekking uitgereik ooreenkomstig die reg van die Party van wie die versoek uitgaan, sowel as *prima facie*-getuienis van die pleging van die misdryf deur sodanige persoon of 'n opsomming van die wesenlike feite van die saak;

(b) indien die opgeëiste persoon alreeds skuldig bevind is, die oorspronklike of 'n gesertifiseerde afskrif van sodanige deel van die notule van die verrigtinge as wat die aanklag, die skuldigbevinding, en, indien hy reeds gevonnis is, die afdwingbare vonnis weerspieël en 'n verklaring wat aandui hoeveel van die vonnis nog nie uitgevoer is nie;

(c) 'n uiteensetting van die misdryf waarvoor uitlewering versoek word, waarin die tyd en plek van die pleging daarvan, die juridiese omskrywing daarvan en 'n verwysing na die betrokke regsbepalings so noukeurig moontlik uiteengesit moet wees;

(d) indien die misdryf een is onder statutêre reg, 'n afskrif van die tersaaklike wetsvoorskrifte; en

(e) 'n uiteensetting waarin 'n beskrywing van die opgeeiste persoon so noukeurig as moontlik uiteengesit word, tesame met enige ander inligting wat sal help om sy identiteit vas te stel:

Met dien verstande dat die uiteensettings waarna in (b), (c) en (e) verwys word in die versoekbrief vervat mag word.

ARTIKEL 13

WEDERKERIGE ENDOSSERING VAN LASBRIEWE

(1) 'n Landdros in die gebied van die Party tot wie die versoek gerig word, aan wie 'n lasbrief voorgelê word of wat 'n lasbrief ontvang waarna in Artikel 12 verwys word, mag dit endosseer vir tenuitvoerlegging indien hy oortuig is dat dit wettiglik uitgereik is, en daarna word dit uitgevoer op die wyse voorgeskryf met betrekking tot lasbriewe vir inhegtenisneming ingevolge die wette van die Party tot wie die versoek gerig word, wat betrekking het op die strafproses.

(2) Iemand wat aangehou word kragtens 'n lasbrief wat ingevolge hierdie Artikel geëndosseer is, moet so spoedig moontlik voor 'n landdros in die gebied van die Party tot wie die versoek gerig word, gebring word en daarna hou die landdros 'n ondersoek, behoudens die wetsbepalings met betrekking tot uitlewering van die Party tot wie die versoek gerig word, met die oog op die oorhandiging van die persoon aan die Party van wie die versoek uitgaan.

(3) Indien die landdros bevind dat die persoon wat voor hom gebring is aan die Party van wie die versoek uitgaan, uitgelewer kan word, reik die landdros 'n bevel uit vir sy oorhandiging aan die Party van wie die versoek uitgaan.

(4) A refusal of an order for surrender in terms of this Article or a cancellation of a warrant of arrest endorsed in terms of paragraph (1) of this Article shall not bar the requesting Party from submitting another request for extradition in respect of the person claimed through the diplomatic channel.

ARTICLE 14

DOCUMENTS RELATING TO EVIDENCE

The authorities of the requested Party shall admit as evidence in any proceedings for extradition any deposition or statement on oath or affirmation, whether or not taken in the presence of the person claimed, any statement by the person claimed, any record of any conviction, or any warrant issued in the requesting State, or a copy or sworn translation of the aforesaid documents, if such documents or a copy or translation thereof are—

(a) certified by a judge, magistrate or other competent officer of the requesting Party to be original documents, or to be a true copy or translation thereof, as the case may be; or

(b) authenticated in such other manner as may be permitted by the law of the requested Party.

ARTICLE 15

ADDITIONAL EVIDENCE OR INFORMATION

(1) If the requested Party requires additional evidence or information to enable it to decide on the request for extradition, the requesting Party shall submit the necessary additional evidence or information within such time as the requested Party shall stipulate.

(2) If the person claimed is in custody and the additional evidence or information submitted as aforesaid is not sufficient or if such evidence or information is not received within the period specified by the requested Party, he may be discharged from custody.

(3) Such discharge as is referred to in paragraph (2) of this Article shall not bar the requesting Party from submitting another request for extradition in respect of the same offence.

ARTICLE 16

RULE OF SPECIALITY

Any person who is extradited under this Agreement shall not be proceeded against, sentenced or detained with a view to the carrying out of a sentence for any offence committed prior to his surrender other than the offence in respect of which he was extradited or an offence of which he can be convicted if charged with the offence for which he was extradited, nor shall he for any other reason be restricted in his personal freedom, except in the following cases:

(a) If the requested Party consents thereto. A request for such consent shall be submitted by the requesting Party, accompanied by the documents referred to in Article 11 or 12 and a record of any statement made by the extradited person in respect of the offence concerned. Consent in terms hereof shall not be withheld if the offence in respect of which the request is made, renders such person liable to extradition under the provisions of this Agreement.

(4) Die weiering van 'n uitleweringsbevel kragtens hierdie Artikel of die kansellasie van 'n lasbrief vir inhegtenisneming wat ingevolge paragraaf (1) van hierdie Artikel geëndosseer is, verhinder nie die Party van wie die versoek uitgaan, om 'n ander versoek vir die uitlewering van die opgeëiste persoon langs die diplomatieke kanaal te rig nie.

ARTIKEL 14

DOKUMENTE IN VERBAND MET GETUIENIS

Die owerheid van die Party tot wie die versoek gerig word, laat by enige uitleweringsverrigtinge as getuienis toe enige deposisie of beëdigde of plegtige verklaring, ongeag of dit in die teenwoordigheid van die opgeëiste persoon afgeneem is of nie, enige verklaring van die opgeëiste persoon, enige rekord van enige skuldigbevinding, of enige lasbrief uitgereik in die Staat van wie die versoek afkomstig is, of 'n afskrif of beëdigde vertaling van voornoemde stukke, indien sodanige dokumente of 'n afskrif of 'n vertaling daarvan—

(a) gesertifiseer is deur 'n regter, landdros of ander bevoegde beampte van die Party van wie die versoek uitgaan, as oorspronklike dokumente, of as 'n ware afskrif of vertaling daarvan, na gelang van die geval; of

(b) gewaarmerk is op sodanige ander manier as wat deur die reg van die Party tot wie die versoek gerig word, toegelaat word.

ARTIKEL 15

AANVULLENDE GETUIENIS OF INLIGTING

(1) Indien die Party tot wie die versoek gerig word, aanvullende getuienis of inligting verlang om hom in staat te stel om oor die versoek om uitlewering te besluit, moet die Party van wie die versoek uitgaan, die nodige aanvullende getuienis of inligting voorlê binne 'n tydperk wat bepaal word deur die Party tot wie die versoek gerig word.

(2) Indien die opgeëiste persoon in aanhouding is en die aanvullende getuienis of inligting wat voorgelê word, soos voormeld, onvoldoende is, of indien sodanige getuienis of inligting nie ontvang word nie binne die tydperk voorgeskryf deur die Party tot wie die versoek gerig word, kan hy uit aanhouding vrygelaat word.

(3) Vrylating soos in paragraaf 2 van hierdie Artikel genoem, verhinder nie die Party van wie die versoek uitgaan, om 'n verdere versoek om uitlewering ten opsigte van dieselfde misdryf voor te lê nie.

ARTIKEL 16

BEPERKING VAN STAPPE TEEN UITGELEWERDE PERSOON

'n Persoon wat kragtens hierdie Ooreenkoms uitgelewer is, word nie vervolg, gevonnis of in hegtenis gehou met die doel om 'n vonnis weens enige misdryf voor sy uitlewering gepleeg, uit te voer nie, behalwe ten opsigte van die misdryf waarvoor hy uitgelewer is of 'n misdryf waaraan hy regtens skuldig bevind kan word indien hy van die misdryf waarvoor hy uitgelewer is, aangekla sou word, en hy word ook nie om enige ander rede in sy persoonlike vryheid beperk nie, behalwe in die volgende gevalle:

(a) Indien die Party tot wie die versoek gerig word, daartoe toestem. 'n Versoek om sodanige toestemming word voorgelê deur die Party van wie die versoek uitgaan, vergesel van die dokumente in Artikel 11 of 12 genoem, en 'n verslag van enige verklaring wat deur die uitgelewerde persoon in verband met die betrokke misdryf gedoen is. Toestemming ingevolge hiervan word nie geweier nie indien die misdryf waarvoor die versoek gerig word sodanige persoon blootstel aan uitlewering ingevolge die bepalings van hierdie Ooreenkoms.

(b) If the person, having had an opportunity to leave the territory of the requesting Party, has not done so within 45 days of his final discharge, or has voluntarily returned to that territory after leaving it.

(c) If the person surrendered consents thereto.

ARTICLE 17

RE-EXTRADITION TO THIRD STATE

Except under circumstances similar to those provided for in paragraph (b) or (c) of Article 16, the requesting Party shall not, without the consent of the requested Party, surrender to a third state a person surrendered to the requesting Party and sought by the said third state in respect of offences committed before his surrender. The requested Party may require the production of the documents referred to in Article 11 or 12 in respect of the offence for which the third state is requesting extradition before giving its consent for re-extradition.

ARTICLE 18

PROVISIONAL ARREST

(1) In cases of urgency the competent authorities of the requesting Party may request the provisional arrest of the person claimed. The competent authorities of the requested Party shall decide the matter in accordance with its law.

(2) The request for provisional arrest shall state that one of the documents referred to in paragraph (a) or (b) of Article 11 or paragraph (a) or (b) of Article 12 exists and that it is intended to submit a request for extradition. It shall also state for what offence extradition will be requested, and when and where such offence was committed, and shall so far as possible give a description of the person claimed.

(3) A request for provisional arrest shall be sent to the competent authorities of the requested Party either through the diplomatic channel or direct by post or telegraph or by any other means affording evidence in writing and acceptable to the requested Party. The competent authorities of the requesting Party shall be informed as soon as possible of the result of their request.

(4) Provisional arrest may be terminated if within a period of 18 days after the arrest the requested Party has not received the request for extradition. In any event, the person claimed shall not be detained longer than 40 days after the date of provisional arrest if the requested Party has not received the request for extradition and the documents referred to in Article 11 or 12 within that period. The requested Party may at any time release the person whose extradition is sought from provisional arrest: Provided that if he is released, the requested Party shall take any such measures available under its law as it considers necessary to prevent the departure from its territory of the person claimed.

(5) Release from provisional arrest shall not preclude rearrest and extradition if a request for extradition is received subsequently.

ARTICLE 19

CONFLICTING REQUESTS

If extradition of the same person is requested concurrently by more than one state, either for the same offence or for different offences, the requested Party shall make its

(b) Indien die persoon, nadat hy geleentheid gehad het om die gebied van die Party van wie die versoek uitgaan, te verlaat, dit nie binne 45 dae na sy finale vrylating gedoen het nie, of vrywillig na dié gebied teruggekeer het nadat hy dit verlaat het.

(c) Indien die uitgelewerde persoon daartoe toestem.

ARTIKEL 17

HERUITLEWERING AAN 'N DERDE STAAT

Uitgesonderd in omstandighede soortgelyk aan dié waarvoor in paragraaf (b) of (c) van Artikel 16 voorsiening gemaak word, oorhandig die Party van wie die versoek uitgaan, nie sonder die toestemming van die Party tot wie die versoek gerig word, 'n persoon wat aan die Party van wie die versoek uitgaan, oorhandig is en wat deur 'n derde staat ten opsigte van misdrywe gepleeg voor sy oorhandiging gesoek word, aan daardie derde staat nie. Die Party tot wie die versoek gerig word, kan alvorens hy sy toestemming tot heruitlewering gee, die voorlegging versoek van die dokumente in Artikel 11 of 12 gemeld ten opsigte van die misdryf waarvoor die derde staat uitlewering versoek.

ARTIKEL 18

VOORLOPIGE AANHOUDING

(1) In dringende gevalle kan die bevoegde owerheid van die Party van wie die versoek uitgaan, die voorlopige inhegtenisneming van die opgeëiste persoon versoek. Die bevoegde owerheid van die Party tot wie die versoek gerig word, beslis oor die aangeleentheid ooreenkomstig sy reg.

(2) Die versoek om voorlopige inhegtenisneming moet aandui dat een van die dokumente genoem in paragraaf (a) of (b) van Artikel 11 of paragraaf (a) of (b) van Artikel 12, bestaan en dat dit die voorneme is om 'n versoek om uitlewering voor te lê. Dit moet ook meld vir watter misdryf uitlewering versoek sal word, en wanneer en waar sodanige misdryf gepleeg is en moet, sover moontlik, 'n beskrywing van die opgeëiste persoon bevat.

(3) 'n Versoek om voorlopige inhegtenisneming word gerig aan die bevoegde owerheid van die Party tot wie die versoek gerig word, hetsy langs die diplomatieke kanaal of direk per pos of telegraaf of op enige ander wyse wat getuienis op skrif daarstel en wat vir die Party tot wie die versoek gerig word, aanvaarbaar is. Die bevoegde owerheid van die Party van wie die versoek uitgaan, word so gou moontlik van die uitslag van hulle versoek verwittig.

(4) Voorlopige aanhouding kan beëindig word indien die Party tot wie die versoek gerig word, nie binne 'n tydperk van 18 dae na inhegtenisneming die versoek om uitlewering ontvang het nie. In elk geval word die opgeëiste persoon nie langer as 40 dae na die datum van voorlopige inhegtenisneming aangehou nie as die Party tot wie die versoek gerig word, nie die versoek om uitlewering en die dokumente genoem in Artikel 11 of 12 binne daardie tydperk ontvang het nie. Die Party tot wie die versoek gerig word, kan te eniger tyd die persoon wie se uitlewering verlang word uit voorlopige aanhouding vrylaat: Met dien verstande dat indien hy vrygelaat word, die Party tot wie die versoek gerig word, alle maatreëls tref waaroor hy kragtens sy reg beskik en wat hy nodig ag om die vertrek van die opgeëiste persoon uit sy gebied te voorkom.

(5) Vrylating uit voorlopige aanhouding verhinder nie herinhegtenisneming en uitlewering indien 'n versoek om uitlewering daarna ontvang word nie.

ARTIKEL 19

BOTSENDE VERSOEKE

Indien uitlewering van dieselfde persoon terselfdertyd deur meer as een staat versoek word, hetsy weens dieselfde misdryf of weens verskillende misdrywe, neem die Party tot

decision having regard to all the circumstances and especially the relative seriousness and place of commission of the offences, the respective dates of the requests, the nationality of the person claimed, his usual place of residence and the possiblity of subsequent extradition to another state.

ARTICLE 20

SURRENDER OF THE PERSON TO BE EXTRADITED

(1) The requested Party shall inform the requesting Party of its decision with regard to the request for extradition.

(2) Reasons shall be given for any complete or partial rejection.

(3) If the request is granted, the requesting Party shall be informed of the place and date of surrender and of the length of time for which the person claimed would have been detained between the date of committal and the date of surrender.

(4) If the person to be extradited has not been received by the requesting Party on the appointed date, he may be released after the expiry of 30 days. The requested Party may thereafter for this reason alone refuse to extradite him for any offence arising out of the circumstances of the offence for which he was originally claimed.

(5) If circumstances beyond its control prevent a Party from surrendering or receiving the person to be extradited, the said Party shall so notify the other Party. The Parties shall thereafter agree upon a new date for surrender and the provisions of paragraph (4) of this Article shall thereupon apply.

ARTICLE 21

HANDING OVER OF PROPERTY

(1) The requested Party shall, insofar as its law permits and at the request of the requesting Party, hand over to the latter property—

(a) which may required as evidence; and

(b) which has been seized under the authority of a search warrant or which, at the time of arrest, was found in the possession of the person claimed.

(2) The property referred to in paragraph (1) of this Article shall be handed over even if extradition, having been granted, for any reason cannot be carried out.

(3) When the said property is liable to seizure or confiscation in the territory of the requested Party, the latter may, in connection with pending criminal proceedings, temporarily retain it or hand it over to the requesting Party on condition that it be returned within a specified period of time.

(4) Any rights which the requested Party or third parties may have acquired in the said property shall remain unaffected. Where such rights exist, the property shall be returned without charge to the requested Party as soon as possible after the completion of criminal proceedings, unless such rights have been waived.

ARTICLE 22

TRANSIT

(1) Transit through the territory or the air-space of any Party to this Agreement shall be granted to the other Party in

wie die versoek gerig word, sy besluit met inagneming van al die omstandighede en veral die relatiewe erns en plek van pleging van die misdrywe, die onderskeie datums van die versoeke, die nasionaliteit van die opgeëiste persoon, sy gewone verblyfplek en die moontlikheid van latere uitlewering aan 'n ander staat.

ARTIKEL 20

OORHANDIGING VAN DIE PERSOON WAT UITGELEWER GAAN WORD

(1) Die Party tot wie die versoek gerig word, stel die Party van wie die versoek uitgaan, van sy besluit insake die versoek om uitlewering in kennis.

(2) Redes vir enige algehele of gedeeltelike weiering word verstrek.

(3) Indien die versoek toegestaan word, word die Party van wie die versoek uitgaan, in kennis gestel van die plek en datum van oorhandiging en van die tydperk wat die opgeeiste persoon tussen die datum van gevangesetting en die datum van oorhandiging aangehou sou gewees het.

(4) Indien die persoon wat uitgelewer moet word, nie op die bepaalde datum deur die Party van wie die versoek uitgaan, ontvang is nie, kan hy na verstryking van 30 dae vrygelaat word. Die Party tot wie die versoek gerig word, kan daarna om hierdie rede alleen weier om hom uit te lewer vir enige misdryf wat voortspruit uit die omstandighede van die misdryf waarvoor hy oorspronklik opgeëis was.

(5) Indien omstandighede buite sy beheer 'n Party verhinder om die persoon wat uitgelewer moet word, te oorhandig of te ontvang, stel sodanige Party die ander Party daarvan in kennis. Die Partye kom daarna ooreen oor 'n nuwe datum van oorhandiging en daarna geld die bepalings van paragraaf (4) van hierdie Artikel.

ARTIKEL 21

OORHANDIGING VAN EIENDOM

(1) Die Party tot wie die versoek gerig word, moet, vir sover sy reg dit toelaat en op versoek van die Party van wie die versoek uitgaan, aan laasgenoemde eiendom oorhandig—

(a) wat as getuienis vereis mag word; en

(b) waarop kragtens 'n lasbrief vir visentering beslag gelê is of wat, ten tyde van inhegtenisneming, in die besit van die opgeëiste persoon gevind is.

(2) Die eiendom in paragraaf (1) van hierdie Artikel bedoel, word oorhandig selfs indien uitlewering wat alreeds toegestaan is, om enige rede nie bewerkstellig kan word nie.

(3) Indien genoemde eiendom onderworpe is aan beslaglegging of verbeurdverklaring in die gebied van die Party tot wie die versoek gerig word, kan laasgenoemde dit, met betrekking tot strafregtelike stappe wat nog hangende is, tydelik behou of dit oorhandig aan die Party van wie die versoek uitgaan, op voorwaarde dat dit binne 'n bepaalde tydperk terugbesorg word.

(4) Enige regte wat die Party tot wie die versoek gerig word of derde partye in genoemde eiendom verkry het, word nie geraak nie. As sodanige regte bestaan, word die eiendom so gou moontlik na die afhandeling van die strafregtelike verrigtinge kosteloos terugbesorg aan die Party tot wie die versoek gerig word, tensy daar van sodanige regte afstand gedoen is.

ARTIKEL 22

DEURGANG

(1) Deurgang deur die gebied of die lugruim van enige Party tot hierdie Ooreenkoms word aan die ander Party, in

respect of the extradition of any person from a third State in accordance with the following provisions:

(a) A request for transit shall be submitted in the manner prescribed in Article 11 or 12, in respect of a request for extradition.

(b) The provisions and conditions laid down in this Agreement shall apply *mutatis mutandis* to such request as if it were a request for the extradition of the person concerned.

(c) The Party requested to grant transit may require the production of the documents referred to in Article 11 or 12 before granting the request for transit through its territory.

(2) Any right of transit arising from the operation of paragraph (1) shall be exercised in accordance with such conditions as the requested Party may prescribe.

(3) Notwithstanding the provisions of this Article, the requested Party may refuse a request for transit if it is of the opinion that such transit would endanger public order in its territory.

ARTICLE 23

LANGUAGES TO BE USED

The documents to be produced in extradition proceedings under this Agreement shall be accompanied by certified translations into English or an official language of the requested Party if the originals are not in one of these languages.

ARTICLE 24

EXPENSES

(1) Expenses incurred in the territory of the requested Party by reason of the arrest, detention and maintenance of the person claimed and any court proceedings arising from the request for extradition shall be borne by that Party.

(2) The requesting Party shall bear the expenses occasioned by the conveyance of the person claimed from the place where he is surrendered to its own territory.

(3) Expenses incurred by reason of transit through the territory of a Party requested to grant transit shall be borne by the requesting Party.

ARTICLE 25

RELATION BETWEEN THIS AGREEMENT AND EXISTING AGREEMENTS

This Agreement shall upon its entry into force supersede any bilateral agreement governing extradition existing between the Parties.

ARTICLE 26

APPLICATION OF THIS AGREEMENT

This Agreement shall apply to offences committed and sentences imposed whether before, on or after the date upon which this Agreement enters into force.

ARTICLE 27

ENTRY INTO FORCE

This Agreement shall enter into force on the thirtieth day of June, One thousand Nine hundred and Eighty-seven.

verband met die uitlewering van enige persoon van 'n derde Staat, toegestaan ooreenkomstig die volgende bepalings:

(a) 'n Versoek om deurgang word voorgelê op die wyse in Artikel 11 of 12 voorgeskryf in verband met 'n versoek om uitlewering.

(b) Die bepalings en voorwaardes in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf, geld *mutatis mutandis* ten opsigte van sodanige versoek asof dit 'n versoek om uitlewering van die betrokke persoon is.

(c) Die Party wat versoek word om deurgang te verleen, kan die voorlegging vereis van die dokumente in Artikel 11 of 12 genoem, voordat die versoek om deurgang deur sy gebied toegestaan word.

(2) Enige reg van deurgang wat voortspruit uit hoofde van paragraaf (1) word uitgeoefen ooreenkomstig sodanige voorwaardes as wat die Party tot wie die versoek gerig word, voorskryf.

(3) Ondanks die bepalings van hierdie Artikel, kan die Party tot wie die versoek gerig word, 'n versoek om deurgang weier indien hy van mening is dat sodanige deurgang die openbare orde in sy gebied in gevaar sou stel.

ARTIKEL 23

TALE WAT GEBRUIK MOET WORD

Die dokumente wat in uitleweringsverrigtinge kragtens hierdie Ooreenkoms voorgelê moet word, gaan vergesel van gesertifiseerde vertalings in Engels of 'n amptelike taal van die Party tot wie die versoek gerig word, indien die oorspronklikes nie in een van hierdie tale is nie.

ARTIKEL 24

UITGAWES

(1) Uitgawes aangegaan in die gebied van die Party tot wie die versoek gerig word, op grond van die inhegtenisneming, aanhouding en onderhoud van die opgeëiste persoon en enige hofverrigtinge wat uit die versoek om uitlewering voortspruit, word deur daardie Party gedra.

(2) Die Party van wie die versoek uitgaan, dra die uitgawes veroorsaak deur die vervoer van die opgeëiste persoon vanaf die plek waar hy oorhandig word na daardie Party se eie gebied.

(3) Uitgawes aangegaan op grond van deurgang deur die gebied van 'n Party wat versoek is om deurgang toe te staan, word deur die Party van wie die versoek uitgaan, gedra.

ARTIKEL 25

VERHOUDING TUSSEN HIERDIE OOREENKOMS EN BESTAANDE OOREENKOMSTE

Hierdie Ooreenkoms vervang by inwerkingtreding enige bilaterale ooreenkoms wat uitlewering tussen die Partye reël.

ARTIKEL 26

TOEPASSING VAN HIERDIE OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms geld ten opsigte van misdrywe gepleeg en vonnisse opgelê hetsy voor, op of na die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree.

ARTIKEL 27

INWERKINGTREDING

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op die dertigste dag van Junie, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-tagtig.

ARTICLE 28

AMENDMENT

Any amendment to this Agreement shall be effected by agreement between the Parties.

ARTICLE 29

TERMINATION

Either of the Parties may terminate the present Agreement at any time by giving six months' written notice to the other Party through the diplomatic channel.

IN WITNESS WHEREOF the undersigned, being duly authorised by their respective Governments, have signed and sealed this Agreement.

DONE at PRETORIA, in duplicate, in the English language this Twenty-fourth day of April in this year One thousand Nine hundred and Eighty-seven.

H. J. COETSEE, MP
Minister of Justice
For the Government of the Republic of South Africa.

PROF. D. S. KOYANA
Minister of Justice
For the Government of the Republic of Transkei.

ARTIKEL 28

WYSIGING

Enige wysiging van hierdie Ooreenkoms moet geskied by wyse van ooreenkoms tussen die Partye.

ARTIKEL 29

BEËINDIGING

Enigeen van die Partye kan te eniger tyd hierdie Ooreenkoms beëindig deur ses maande kennis aan die ander Party langs die diplomatieke kanaal te gee.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, behoorlik deur hulle onderskeie Regerings gemagtig, hierdie Ooreenkoms onderteken en geseël het.

GEDOEN te PRETORIA, in tweevoud, in die Engelse taal op hierdie Vier-en-twintigste dag van April in hierdie jaar Eenduisend Negehonderd Sewe-en-tagtig.

H. J. COETSEE, LP
Minister van Justisie
Namens die Regering van die Republiek van Suid-Afrika.

PROF. D. S. KOYANA,
Minister van Justisie
Namens die Regering van die Republiek van Transkei.

GOVERNMENT NOTICES

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

No. 1337 **19 June 1987**

RENT CONTROL ACT, 1976

DECLARATION THAT A CERTAIN DWELLING AND PARKING SPACE ARE EXEMPTED FROM RENT CONTROL

Under the powers vested in me by section 51 (g) of the Rent Control Act, 1976 (Act 80 of 1976), I, Abraham Adriaan Venter, Minister of Local Government, Housing and Works, hereby declare that the undermentioned premises are exempted from rent control from date of publication hereof:

(a) The dwelling in the block on flats mentioned in the Schedule hereto; and

(b) the parking space situated anywhere upon land forming part of the land occupied by or used in connection with the dwelling mentioned in (a) above.

A. A. VENTER,
Minister of Local Government, Housing and Works.

SCHEDULE

Address of premises.—Flat 1, Kenilworth Court, Highwick Road, Kenilworth, Cape Town.

Situation of premises.—Erf 58175, Cape Town at Kenilworth.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

No. 1337 **19 Junie 1987**

WET OP HUURBEHEER, 1976

VERKLARING DAT 'N SEKERE WONING EN MOTORSTAANPLEK VAN HUURBEHEER ONTHEF IS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 51 (g) van die Wet op Huurbeheer, 1976 (Wet 80 van 1976), verklaar ek, Abraham Adriaan Venter, Minister van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, hiermee dat die ondergemelde perseel vanaf datum van publikasie hiervan, van huurbeheer onthef is:

(a) Die woning in die woonstelgebou genoem in die Bylae hiervan; en

(b) die motorstaanplek geleë op enige plek op grond wat deel uitmaak van grond wat geokkupeer word deur of gebruik word in verband met die woning in (a) hierbo genoem.

A. A. VENTER,
Minister van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke.

BYLAE

Adres van eiendom.—Woonstel 1, Kenilworthhof, Highwickweg, Kenilworth, Kaapstad.

Ligging van eiendom.—Erf 58175, Kaapstad te Kenilworth.

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

No. 1338 **19 June 1987**

RENT CONTROL ACT, 1976

DECLARATION THAT A CERTAIN DWELLING IS EXEMPTED FROM RENT CONTROL

Under the powers vested in me by section 51 (g) of the Rent Control Act, 1976 (Act 80 of 1976), I, Abraham Adriaan Venter, Minister of Local Government, Housing and Works, hereby declare that the undermentioned premises is exempted from rent control three calendar months from date of publication hereof:

The dwelling in the block of flats mentioned in the Schedule hereto.

A. A. VENTER,
Minister of Local Government, Housing and Works.

SCHEDULE

Address of premises.—Flat 1, Belair Flats, Firmount Road, Sea Point, Cape Town.

Situation of premises.—Erf 1573, Cape Town at Sea Point East.

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

No. 1339 **19 June 1987**

RENT CONTROL ACT, 1976

DECLARATION THAT CERTAIN DWELLINGS AND PARKING SPACES ARE EXEMPTED FROM RENT CONTROL

Under the powers vested in me by section 51 (g) of the Rent Control Act, 1976 (Act 80 of 1976), I, Abraham Adriaan Venter, Minister of Local Government, Housing and Works, hereby declare that the undermentioned premises are exempted from rent control from date of publication hereof:

(a) The dwellings in the block of flats mentioned in the Schedule hereto; and

(b) the parking spaces situated anywhere upon land forming part of the land occupied by or used in connection with the dwellings mentioned in (a) above.

A. A. VENTER,
Minister of Local Government, Housing and Works.

SCHEDULE

Address of premises.—Flats 1–69, Brighton Court, 31 Ockerse Street, Hillbrow, Johannesburg.

Situation of premises.—Erven 3097, 3098, 3099, 3100, 3101 and 3102, Johannesburg at Hillbrow.

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

No. 1340 **19 June 1987**

RENT CONTROL ACT, 1976

DECLARATION THAT A CERTAIN DWELLING AND SERVANT'S ROOM ARE EXEMPTED FROM RENT CONTROL

In terms of the powers vested in me by section 51 (g) of the Rent Control Act, 1976 (Act 80 of 1976), I, Abraham Adriaan Venter, Minister of Local Government, Housing and Works, hereby declare that—

(a) as from date of publication hereof, the dwelling mentioned in the Schedule hereto; and

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

No. 1338 **19 Junie 1987**

WET OP HUURBEHEER, 1976

VERKLARING DAT 'N SEKERE WONING VAN HUURBEHEER ONTHEF IS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 51 (g) van die Wet op Huurbeheer, 1976 (Wet 80 van 1976), verklaar ek, Abraham Adriaan Venter, Minister van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, hiermee dat die ondergemelde perseel drie kalendermaande vanaf datum van publikasie hiervan, van huurbeheer onthef is:

Die woning in die woonstelgebou genoem in die Bylae hiervan.

A. A. VENTER,
Minister van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke.

BYLAE

Adres van eiendom.—Woonstel 1, Belairwoonstelle, Firmountweg, Seepunt, Kaapstad.

Ligging van eiendom.—Erf 1573, Kaapstad te Seepunt-Oos.

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

No. 1339 **19 Junie 1987**

WET OP HUURBEHEER, 1976

VERKLARING DAT SEKERE WONINGS EN MOTORSTAANPLEKKE VAN HUURBEHEER ONTHEF IS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 51 (g) van die Wet op Huurbeheer, 1976 (Wet 80 van 1976), verklaar ek, Abraham Adriaan Venter, Minister van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, hiermee dat die ondergemelde perseel vanaf datum van publikasie hiervan, van huurbeheer onthef is:

(a) Die wonings in die woonstelgebou genoem in die Bylae hiervan; en

(b) die motorstaanplekke geleë op enige plek op grond wat deel uitmaak van grond wat geokkupeer word deur of gebruik word in verband met die wonings in (a) hierbo genoem.

A. A. VENTER,
Minister van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke.

BYLAE

Adres van eiendom.—Woonstelle 1–69, Brightonhof, Ockersestraat 31, Hillbrow, Johannesburg.

Ligging van eiendom.—Erwe 3097, 3098, 3099, 3100, 3101 en 3102, Johannesburg te Hillbrow.

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

No. 1340 **19 Junie 1987**

WET OP HUURBEHEER, 1976

VERKLARING DAT 'N SEKERE WONING EN BEDIENDEKAMER VAN HUURBEHEER VRYGESTEL IS

2.*bis*.2 Waar 'n persoon tot lid van die Genootskap verklaar is, mag die Raad sodanige voorwaardes van lidmaatskap wat dit mag vasstel en waartoe dit bevoeg is, oplê, beide wanneer dit die aansoeker tot lid verklaar en te eniger tyd daarna, en in laasgenoemde geval, òf by wyse van byvoeging tot, òf wysiging van enige voorwaardes wat voorheen opgelê is.

2.*bis*.3 Die Raad is geregtig om 'n verklaarde lid se lidmaatskap te beëindig indien die Raad dit wenslik ag om dit te doen, op grond van—

2.*bis*.3.1 enige verandering in die aard van sodanige lid se werk na die datum waarop hy tot lid verklaar is;

2.*bis*.3.2 enige verandering, wat die Raad as wesenlik ag in die omstandighede waaronder die Raad hom na goeddunke tot lid verklaar het, met inbegrip van (maar sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die voormelde) die feit dat die Raad, waar so 'n verklaring gemaak is, staatgemaak het op inligting wat blykbaar, volgens sy mening, onjuis, vals of misleidend was;

2.*bis*.3.3 enige ander omstandighede wat volgens die Raad se mening sodanige beëindiging van lidmaatskap regverdig.

Die Raad oefen nie sy reg om die lidmaatskap te beëindig uit alvorens dit die betrokke lid skriftelik in kennis gestel het dat dit die uitoefening van sodanige reg oorweeg en sonder om aan die betrokke lid die redes te verstrek waarom dit oorweeg om aldus op te tree en sonder om aan die betrokke lid 'n geleentheid te bied om die Genootskap binne 'n bepaalde tydperk (watter tydperk nie minder as 14 dae sal wees nie, bereken vanaf die datum van die Genootskap se kennisgewing aan die lid) te voorsien van sy redes, as daar is, waarom die Raad nie sodanige reg moet uitoefen nie. Die Raad is geregtig om die betrokke lid te versoek om sy genoemde redes aan te vul by wyse van mondelinge vertoë wat aan die Raad gerig moet word binne 'n tydperk deur die Raad bepaal. Die Raad besluit, met inagneming van sodanige redes, as daar is, en sodanige mondelinge vertoë, as daar is, wat deur die betrokke lid gelewer mag word, of die betrokke lid se lidmaatskap beëindig moet word, al dan nie.

Die Raad moet die betrokke lid skriftelik in kennis stel van sy besluit om òf sy lidmaatskap te beëindig, òf om dit nie te doen nie en in die eerste geval word die lid se lidmaatskap beëindig vanaf die datum van die Raad se genoemde kennisgewing.

14. Deur die skrapping in sub-reël 3.1.1 van die woorde "Artikel 14 van die Wet" en die vervanging daarvan deur die woorde "Artikel 68 van die Wet".

15. Deur die skrapping van sub-reël 3.3.1 en die vervanging daarvan deur die volgende:

3.3.1 'n Kworum by 'n algemene vergadering is 10 *praktiserende* lede persoonlik teenwoordig binne 15 minute na die tyd wat vasgestel is vir die vergadering.

16. Deur die skrapping in sub-reël 3.3.6.4 van die Engelse weergawe van die Genootskap se Reëls van die woorde "or that the question be now put" en die vervanging daarvan deur die woorde "or that the question be not put".

17. Deur die skrapping in sub-reëls 3.3.17 en 3.3.18 van die woord "Sekretaris" waar dit verskyn en die vervanging daarvan deur die woord "Direkteur".

18. Deur die skrapping van sub-reël 4.3 en die vervanging daarvan deur die volgende:

4.3 Alle lede wat praktiseer of *andersins in diens is* binne die gebied van 'n sirkel is lede van daardie sirkel.

19. Deur die skrapping in sub-reël 4.4 van die woord "prokureurs" en die vervanging daarvan deur die woord "lede".

20. Deur die skrapping van sub-reël 4.5.1 en die vervanging daarvan deur die volgende:

4.5.1 Om oorweging en aandag te skenk aan sulke aangeleenthede wat meer bepaald die lede raak wat binne sy gebied praktiseer of *anders in diens is* en wat nie, volgens die Raad se mening, sake is wat na regte deur die Raad behandel behoort te word nie.

21. Deur die skrapping in sub-reël 4.8 van die woorde "slegs lede wat in die sirkel praktiseer" en die vervanging daarvan deur die woorde "slegs lede wat in die Sirkel praktiseer of *andersins in diens is*".

22. Deur die skrapping in sub-reël 4.15 van die woord "prokureur" en die vervanging daarvan deur die woorde *"praktiserende lid"*.

23. Deur die skrapping in sub-reël 4.17 van die woorde "(mits hy 'n prokureur in daardie sirkel is)" en die vervanging daarvan deur die woorde "(mits hy 'n praktiserende lid in daardie sirkel is)".

24. Deur die skrapping in sub-reël 4.20 van die woorde "wat binne die gebied van sodanige sirkel praktiseer" en die vervanging daarvan deur die woorde "wat binne die gebied van sodanige sirkel praktiseer of *andersins in diens is*".

25. Deur die skrapping in Reël 4 van die woord "Sekretaris" waar dit ook al verskyn en die vervanging daarvan deur die woord "Direkteur".

26. Deur die skrapping in Reël 5 van die woord "Sekretaris" waar dit ook al verskyn en die vervanging daarvan deur die woord "Direkteur".

27. Deur die skrapping in Reël 6 van die woord "Sekretaris" waar dit ook al verskyn en die vervanging daarvan deur die woord "Direkteur".

28. Deur die skrapping van sub-reël 6.2 en die vervanging daarvan deur die volgende:

6.2 Nadat die in sub-paragraaf 6.1 bedoelde kennisgewing uitgereik is, kan enige twee lede enige *praktiserende lid* of *praktiserende lede* skriftelik nomineer as lid of lede van die Raad vir die volgende drie jaar. So 'n nominasie moet aanvaarding deur die genomineerde of genomineerdes bevat en moet die Direkteur ten minste vyf weke voor die vasgestelde datum van die Algemene Jaarvergadering bereik.

29. Deur die skrapping in sub-reël 6.3 van die woorde "en geen lid wie se ledegeld agterstallig is" en die vervanging daarvan deur die woorde "en geen praktiserende lid wie se ledegelde aldus agterstallig is".

30. Deur die skrapping van sub-reël 7.1 en die vervanging daarvan deur die volgende:

7.1 Die Raad bestaan uit 12 *praktiserende* lede van wie ten minste vier nie binne 'n radius van 30 km vanaf die Genootskap se kantoor in Kaapstad praktiseer nie.

31. Deur die skrapping van sub-reël 7.4.2 en die vervanging daarvan deur die volgende:

7.4.2 Nie langer 'n *praktiserende* lid van die Genootskap is nie.

32. Deur die skrapping in Reël 7.6 van die woord "Sekretaris" en die vervanging daarvan deur die woord "Direkteur".

33. Deur die skrapping in sub-reël 8.3 van die woord "Sekretaris" en die vervanging daarvan deur die woord "Direkteur".

34. Deur die skrapping in Reël 9 van die woorde "Sekretaris" en "Sekretarisse" waar dit ook al verskyn en die vervanging daarvan deur die woorde "Direkteur" en "Direkteure" onderskeidelik.

35. Deur die skrapping in sub-reël 9.3 van die woorde "enige lid wat ophou om te praktiseer" en die vervanging daarvan deur die woorde "elke praktiserende lid wat ophou om te praktiseer".

36. Deur die skrapping van sub-reël 9.4 en die vervanging daarvan deur die volgende:

9.4 Elke prokureur wat voornemens is om te begin of om weer te begin praktiseer moet die Direkteur, voordat hy begin of weer begin praktiseer, skriftelik in kennis stel van die datum waarop hy van voorneme is om te begin of weer te begin praktiseer.

37. Deur die skrapping van die volgende woorde in sub-reël 9.13 naamlik:

"Elke lid of aandeelhouers wat 'n lid is van 'n professionele maatskappy soos omskryf in artikel 2 van die Toelating van Prokureurs, Notarisse en Transportbesorgerswet, 1934, moet" en die vervanging daarvan deur die volgende:

9.13 Elke lid wat 'n aandeelhouer is van 'n professionele maatskappy soos omskryf in artikel 1 van die Wet, moet . . .

38. Deur die skrapping in sub-reël 9.13.1.2 van die woorde "lid of".

39. Deur die skrapping in Reël 10 van die woord "Sekretaris" waar dit ook al verskyn en die vervanging daarvan deur die woord "Direkteur".

40. Deur die skrapping in sub-reël 12.1 van die inleidende woorde " 'n Prokureur" en die skrapping in sub-reël 12.1.2 van die woorde "die Prokureur" en die vervanging daarvan deur die woorde " 'n praktiserende lid" en "die praktiserende lid" onderskeidelik.

41. Deur die skrapping in sub-reël 12.2 van die woord "prokureur" en die vervanging daarvan deur die woorde "praktiserende lid".

42. Deur die skrapping in sub-reël 12.3 van die woord " 'n prokureur" en die vervanging daarvan deur die woorde " 'n praktiserende lid".

43. Deur die skrapping in sub-reël 12.4 van die woorde " 'n prokureur" en die vervanging daarvan deur die woorde " 'n praktiserende lid".

44. Deur die skrapping in sub-reël 12.5 van die woorde " 'n lid" en "sodanige lid" en die vervanging daarvan deur die woorde " 'n praktiserende lid" en "sodanige praktiserende lid".

45. Deur die skrapping in sub-reël 13.1 van die woord "Prokureursfirma" en die vervanging daarvan deur die woord "firma".

46. Deur die skrapping in sub-reël 13.2.2 van die woorde "(of vir sodanige korter periode as wat die prokureur mag praktiseer het)" en die vervanging daarvan deur die volgende woorde "(of vir enige sodanige korter tydperk wat van toepassing mag wees)".

47. Deur die skrapping in sub-reël 13.2.2.1 van die woorde "Artikel 33 (1) en (4) van Wet 23 van 1934" en die vervanging daarvan deur die woorde "Artikel 78 (1) en (4) van die Wet".

48. Deur die skrapping in sub-reël 13.2.5 van die woorde "Artikel 33 (2) van Wet 23 van 1934" en die vervanging daarvan deur die woorde "Artikel 78 (2) van die Wet".

49. Deur die skrapping in sub-reël 13.7 van die woorde "prokureur of".

50. Deur die skrapping in sub-reël 13.12 van die woorde "Artikel 33 (2) van Wet 23 van 1934" en die vervanging daarvan deur die woorde "Artikel 78 (2) van die Wet".

51. Deur die skrapping in Reël 14 van die inleidende sin en die vervanging daarvan deur die volgende:

"Onprofessionele of oneerbare of onbetaamlike gedrag aan die kant van 'n lid sluit die volgende in, sonder om die algemeenheid van dié terme te beperk:".

52. Die skrapping van sub-reël 14.2 en die vervanging daarvan deur die volgende:

14.2 Om geen vergoeding te aanvaar nie, of aan te bied of in te stem om vergoeding teen 'n laer skaal as dié voorgeskryf by wet of regulasie vir professionele werk te aanvaar, tensy hy *pro deo* of *pro amico* optree, met dien verstande dat 'n *praktiserende lid* nie geag word om *pro amico* op te getree het waar hy werk vir of namens werknemers, agente of besigheidsgenote van 'n kliënt verrig het en die vermindering van gelde toegestaan word uit hoofde van sy verhouding met so 'n kliënt nie.

53. Deur die skrapping in sub-reël 14.3 van die woord "of die fooie wat algemeen erken word in die gebied waar sodanige prokureur praktiseer".

54. Deur die skrapping van sub-reël 14.4

55. Deur die skrapping in sub-reël 14.8 van die woorde "om te adverteer behalwe in 'n joernaal" en die vervanging daarvan deur die woorde "om, behalwe soos goedgekeur deur die Raad, te adverteer uitgesonderd in 'n joernaal".

56. Deur die skrapping van sub-reël 14.10.

57. Deur die skrapping in sub-reël 14.11 van die woorde "uitgesonder die van 'n prokureursfirma" en die vervanging daarvan deur die woorde "uitgesonder die van sy firma".

58. Deur die skrapping van sub-reël 14.13.1 en die vervanging daarvan deur die volgende:

14.13.1 sy firma se skryfbehoeftes.

59. Deur die skrapping van sub-reël 14.13.3 en die vervanging daarvan deur die volgende:

14.13.3 in die geval van 'n praktiserende lid sy firma se kantoorskryfbehoeftes of 'n besigheidskaartjie.

60. Deur die skrapping in sub-reël 14.14.5 van die woorde "Artikel 89 van die Wet op Patente, No. 37 van 1952" en die vervanging daarvan deur die woorde "Artikel 20 van die Wet op Patente, No. 57 van 1979".

61. Deur die skrapping in sub-reël 14.15.1 van die woord "Prokureur" en die vervanging daarvan deur die woorde "praktiserende lid".

62. Deur die invoeging in sub-reël 14.15.3 van die volgende woorde voor die aanvangswoorde:

"In die geval van 'n praktiserende lid".

63. Deur die skrapping in sub-reël 14.16.1 van die woorde " 'n prokureur" en die vervanging daarvan deur die woorde " 'n praktiserende lid".

64. Deur die skrapping in sub-reël 14.17 van die woord "prokureur" en die vervanging daarvan deur die woorde "praktiserende lid".

65. Deur die skrapping in sub-reël 14.18 van die woorde "slegs deur 'n prokureur, notaris of transportbesorger" en die vervanging daarvan deur die woorde "slegs deur 'n praktiserende praktisyn".

66. Deur die skrapping van sub-reël 14.19 en die vervanging daarvan deur die volgende:

14.19 In die geval van 'n praktiserende lid, om te versuim om binne sewe dae nadat hy daartoe versoek is, aan die Raad of die Direkteur 'n beëdigde verklaring voor te lê waarin die status van 'n werknemer verduidelik word, asook die bedrag of wyse van sodanige werknemer se vergoeding, of waarin die teenwoordigheid van, en die vergoeding betaalbaar aan, enige ongekwalifiseerde persoon wat voortdurend in die lid se kantoor is, verduidelik word.

67. Deur die skrapping in sub-reël 14.21 van die woord "prokureur" en die vervanging daarvan deur die woord "praktisyn".

68. Deur die skrapping in sub-reël 14.22.2 van die woord "prokureur" en die vervanging daarvan deur die woord "praktisyn".

69. Deur die skrapping van sub-reël 14.23 en die vervanging daarvan deur die volgende:

14.23 *In die geval van 'n praktiserende lid*, om sonder die vooraf verkreë goedkeuring van die Raad 'n tak- of ander kantoor te open of in stand te hou wat nie onder die voortdurende persoonlike toesig van 'n praktiserende lid is nie.

70. Deur die invoeging in sub-reël 14.24 van die woorde "in die geval van 'n praktiserende lid" voor die woorde "om 'n kantoor te deel" en deur skrapping van die woord "prokureur" waar dit verskyn in daardie sub-reël en die vervanging daarvan deur die woorde "praktiserende lid".

71. Deur die skrapping van sub-reël 14.25 en die vervanging daarvan deur die volgende:

14.25 *In die geval van 'n praktiserende lid* om te versuim om sy eie naam asook die name van alle vennote of direkteure in die briefhoofde van sy firma aan te toon.

72. Deur die skrapping van sub-reël 14.26 en die vervanging daarvan deur die volgende:

14.26 *In die geval van praktiserende lid*, om in die besigheidsbriefhoofde van sy firma die naam van 'n praktiserende praktisyn wat in diens is by die firma te vermeld sonder om duidelik, deur die woorde "konsultant" of "bygestaan deur" onmiddellik voor, of die woorde "professionele aassistent" onmiddellik na die name van sodanige praktiserende praktisyn, aan te dui dat hy nie 'n vennoot in die firma is nie en met dien verstande dat die woord "konsultant" slegs aldus gebruik mag word waar die bedoelde praktiserende praktisyn voorheen 'n vennoot in die firma of sy voorganger was.

73. Deur die invoeging in sub-reël 14.27 van die woorde "in die geval van 'n praktiserende lid" voor die woorde "om te praktiseer onder 'n naam of firmanaam"; en deur die skrapping van die woord "prokureur" en die vervanging daarvan deur die woorde "praktiserende lid".

74. Deur die skrapping in sub-reël 14.28 van die woord "Sekretaris" en die vervanging daarvan deur die woord "Direkteur".

75. Deur die invoeging in sub-reël 14.30 van die woorde "in die geval van 'n praktiserende lid" voor die woorde "behalwe waar daartoe gemagtig".

76. Deur die skrapping in sub-reël 14.33 van die woord "prokureur" en die vervanging daarvan deur die woorde "hom as 'n praktiserende lid".

77. Deur die invoeging in sub-reël 14.35 van die woord "in die geval van 'n praktiserende lid" voor die woorde "om direk of indirek betaling te maak".

78. Deur die skrapping in sub-reël 14.36 van die woord "prokureur" en die vervanging daarvan deur die woorde "praktiserende lid".

79. Deur die skrapping van Reël 15 en die vervanging daarvan deur:

15. DISSIPLINÊRE AANGELEENTHEDE

15.1 Die Raad mag kragtens sub-reël 15.2 en behoudens die bepalings van artikel 67 van die Wet komitees aanstel om hom by te staan met die uitvoering, verrigting en uitoefening van die dissiplinêre pligte, funksies en bevoegdhede wat kragtens die Wet in die Raad vestig. Sulke komitees het die pligte, funksies en bevoegdhede voorgeskryf kragtens hierdie Reël 15, onderhewig aan sodanige verdere beperkings wat by wyse van besluit van die Raad van tyd tot tyd voorgeskryf mag word en met dien verstande dat die Raad self dieselfde pligte, funksies en bevoegdhede *mutatis mutandis* het, wat dit na goeddunke en te eniger tyd mag uitvoer, verrig en uitoefen, òf met uitsluiting van òf addisioneel tot enige uitvoering, verrigting of uitoefening van die kant van enige van sodanige komitees.

15.2 Die Raad mg van tyd tot tyd en òf jaarliks òf op 'n *ad hoc* basis, komitees aanstel vir die doel bepaal in sub-reël 15.1 met sodanige pligte, funksies en bevoegdhede en behoudens sodanige beperkings wat die Raad van tyd tot tyd mag voorskryf. In besonder mag die Raad—

15.2.1 jaarliks 'n komitee aanstel met die pligte, funksies en bevoegdhede van ondersoek bepaal in sub-reël 15.8;

15.2.2 jaarliks of van tyd tot tyd op 'n *ad hoc* basis, 'n komitee aanstel met die pligte, funksies en bevoegdhede van ondersoek bepaal in sub-reël 15.11.

15.3 15.3.1 Beide 'n Dissiplinêre Komitee en 'n Dissiplinêre Ondersoekkomitee bestaan uit die getal praktiserende lede wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal, met dien verstande dat:

15.3.1.1 die lede van die Dissiplinêre Komitee ook lede van die Raad moet wees;

15.3.1.2 geen lid van die Raad wat 'n klag teen 'n lid van die aard in subparagraaf 15.9 bedoel oorweeg het, 'n lid mag wees van enige Dissiplinêre Ondersoekkomitee, na wie dieselfde aanklag kragtens sub-reël 15.9.2. vir die doel van 'n formele ondersoek verwys is nie.

15.3.2 Die Raad stel die lede van beide sodanige komitees aan en mag 'n vakature daarin aanvul en mag, onderhewig aan die voorgeskrewe maksimum getal lede van elke komitee op die betrokke tyd, enige addisionele lid in enige van die komitees aanstel. Die Raad mag ook van tyd tot tyd plaasvervangers vir sodanige komiteelede aanstel, met dien verstande dat 'n plaasvervanger vir 'n lid van die Dissiplinêre Komitee altyd 'n lid van die Raad moet wees.

15.3.3 Die ampstermyn van elke lid en van elke plaasvervangende lid van elk van sodanige komitees verstryk—

15.3.3.1 by die afsluiting van die eerste Raadsvergadering ná die Wetsgenootskap se Algemene Jaarvergadering wat op sy aanstelling volg;

15.3.3.2 by ontvangs van sy bedanking deur die Raad;

15.3.3.3 by sy ontheffing uit sy amp kragtens 'n besluit van die Raad;

15.3.3.4 in die geval van 'n lid of 'n plaasvervangende lid van 'n Dissiplinêre Komitee, by die beëindiging van sy lidmaatskap van die Raad;

15.3.3.5 in die geval van 'n *ad hoc* aanstelling in 'n Dissiplinêre Ondersoekkomitee by voltooiing van die ondersoek waarvoor die aanstelling gemaak is;

15.3.3.6 in die geval van 'n plaasvervangende lid, by die beëindiging van die ampstermyn van die lid vir wie hy optree as plaasvervanger.

Enige lid, met inbegrip van 'n plaasvervangende lid, van enige een van die komitees, mag heraangestel word.

15.4 Die Raad skryf van tyd tot tyd na eie goeddunke 'n kworum voor vir vergaderings van lede van enige een van genoemde komitees.

15.5 Die voorsitter van elke komitee word aangestel en beklee sy amp ooreenkomstig die bepalings van artikel 67 (1) (c) van die Wet.

15.6 Behoudens die bepalings van hierdie Reëls, bepaal die voorsitter van elke komitee die tye wanneer en plekke waar komiteevergaderings gehou word en ook die wyse waarop komiteelede hul pligte, funksies en bevoegdhede moet uitoefen.

15.7 Enige komitee wat deur die Raad aangestel is voor die datum waarop hierdie vervangende Reël 15 van krag word met die pligte, funksies en bevoegdhede bepaal in sub-reël 15.8, word geag aangestel te gewees het kragtens sub-reël 15.2.1 sonder enige verdere optrede deur die Raad.

15.8 Behoudens enige beperkings hierkragtens voorgeskryf en enige verdere beperkings wat die Raad van tyd tot tyd voorskryf, en te alle tye behoudens die bepalings van die Wet, het 'n Dissiplinêre Komitee die volgende pligte, funksies en bevoegdhede, naamlik:

15.8.1 Om enige klag teen enige lid deur wie ook al ingedien, met inbegrip van enige klag deur die Raad ingedien, *mero motu* te oorweeg en te ondersoek; en om die Direkteur te magtig om aan enige klaer sodanige bystand te verleen met die indien van sy klagte, wat redelikerwys nodig of wenslik mag wees;

15.8.2 om te eniger tyd voor of gedurende sy ondersoek van enige klag te vereis dat die klaer sy klag skriftelik indien en indien so vereis deur die Komitee, om die klag by wyse van 'n beëdigde verklaring te staaf en om die komitee te voorsien van sodanige verdere getuienis, mondeling of andersins, wat dit mag vereis en wat beskikbaar is as bewys van enige sodanige klag;

15.8.3 om 'n klag af te wys waar die komitee van mening is dat die klag nie 'n *prima facie* saak van onprofessionele of oneerbare of onwaardige gedrag deur 'n lid openbaar nie of waar die klaer versuim of weier om aan enige vereiste, waarvan hy in kennis gestel is ooreenkomstig sub-reël 15.8.2 te voldoen, en om die klaer dienooreenkomstig in kennis te stel;

15.8.4 om, waar die komitee van mening is dat die klag 'n *prima facie* saak van onprofessionele of oneerbare of onwaardige gedrag aan die kant van 'n lid openbaar, so 'n lid te voorsien van sodanige besonderhede van die klag wat dit redelikerwys nodig ag om die lid in staat te stel om die aard van die klag teen hom te verstaan en om so 'n lid te versoek om binne 'n vasgestelde tydperk 'n verduideliking aangaande die klag te gee;

15.8.5 om te eniger tyd voor of gedurende sy oorweging van enige verduideliking voorsien ingevolge sub-reël 15.8.4, te vereis dat die lid wat die verduideliking voorsien, sy verduideliking staaf by wyse van beëdigde verklaring en om sodanige verdere getuienis aangaande die klag wat dit van die lid vereis en wat beskikbaar is, te voorsien;

15.8.6 om te vereis dat 'n lid wat die onderwerp van 'n klag is, voor die Komitee verskyn met of sonder regsverteenwoordiging na gelang van die lid se keuse, ten einde die komitee te voorsien van enige verdere inligting wat dit vereis of wat die lid wil voorlê in verband met die klag wat die onderwerp van die ondersoek is;

15.8.7 om, op grond van die klag en die lid se verduideliking, indien 'n verduideliking verstrek is, en enige ander beskikbare getuienis, te besluit of die klag 'n saak van onprofessionele of oneerbare of onwaardige gedrag aan die kant van die lid daarstel, al dan nie, en—

15.8.7.1 waar die komitee van mening is dat dit nie die geval is nie, om die klag af te wys en om in so 'n geval, die klaer en die lid dienooreenkomstig in kennis te stel;

15.8.7.2 waar die komitee van mening is dat dit wel die geval is, om die Raad van sy bevinding en die redes vir sy bevinding in kennis te stel en terselfdertyd, na oorweging van die lid se dissiplinêre rekord, 'n aanbeveling by die Raad doen, dat die Raad òf—

15.8.7.2.1 die klag summier sonder 'n verhoor afhandel in welke geval, die komitee terselfdertyd 'n aanbeveling by die Raad moet doen dat die Raad òf die straf voorskryf in sub-artikel (1), gelees met sub-artikels (2) en (3), van artikel 72 van die Wet oplê en in so 'n geval, die straf wat die Raad moet oplê, òf dat die Raad aansoek doen vir die verwydering van sodanige lid se naam van die prokureursrol, of vir sy skorsing uit die praktyk; òf

15.8.7.2.2 'n formele ondersoek aangaande die klag ooreenkomstig die bepalings van sub-reël 15.11 laat hou;

met dien verstande dat die dissiplinêre komitee, waar dit enige aanbeveling kragtens sub-reël 15.8.7.2 by die Raad doen, die Raad van al die tersaaklike inligting in sy besit moet voorsien, ten einde die Raad in staat te stel om sy genoemde aanbeveling te oorweeg;

15.8.8 om *mero motu*, as 'n afsonderlike klag van onprofessionele, oneerbare of onwaardige gedrag, enige optrede of versuim van 'n lid te behandel wat daarop bereken is om die komitee se behoorlike oorweging en ondersoek van 'n klag teen so 'n lid te belemmer of dit andersins belemmer;

15.8.9 om alles wat nodig is te doen ten einde te verseker dat met alle dissiplinêre verrigtinge binne die bestek van sy pligte, funksies en bevoegdhede, regverdig, spoedig en ooreenkomstig hierdie reëls gehandel word;

15.8.10 om, behalwe tot die mate omskryf in hierdie Reëls, die vertroulike aard van sy verrigtinge te bewaar.

15.9 Die Raad oorweeg enige klag teen 'n lid wat die onderwerp is van 'n Dissiplinêre Komitee se aanbeveling by die Raad kragtens subreël 15.8.7.2 en—

15.9.1 neem summier, sonder verhoor, 'n beslissing, in welke geval die Raad die straf oplê wat dit gepas ag ten opsigte van sodanige beslissing en wat ge-oorloof is ingevolge sub-artikel (1) gelees met sub-artikels (2) en (3) van artikel 72 van die Wet en te alle tye met inagname van enige aanbeveling wat die Dissiplinêre Komitee by die Raad gedoen het; òf

15.9.2 besluit dat die klag formeel ondersoek moet word, in welke geval die Raad die klag na 'n Dissiplinêre Ondersoekkomitee verwys, met die opdrag dat die Komitee ingevolge die bepalings van sub-reël 15.11, 'n formele ondersoek met betrekking tot so 'n klag moet instel.

Die Raad stel die klaer in kennis van enige beslissing wat hy kragtens sub-reël 15.9.1 geneem het en stel die betrokke lid terselfdertyd in kennis van enige sodanige beslissing en van enige straf wat dit kragtens die voormelde sub-reël opgelê het; met dien verstande te alle tye, dat die lid in enige kennisgewing die geleentheid gebied word om, in plaas van onderwerping aan enige sodanige beslissing en straf, binne 'n bepaalde tydperk te vereis dat die klag formeel ondersoek word deur die Dissiplinêre Ondersoekkomitee ingevolge sub-reël 15.11; met dien verstande verder, dat indien die lid daarop aandring, 'n formele ondersoek kragtens sub-reël 15.11 ingestel word, in welke geval enige beslissing geneem, of straf opgelê deur die Raad kragtens sub-reël 15.9.1, opgeskort en vervang word deur enige beslissing geneem en straf opgelê tydens, of ingevolge enige sodanige formele ondersoek en by gebreke aan enige sodanige beslissing en straf, verval sodanige opskorting en is dit nie verder van krag of geldig nie, met die gevolglike herstel van die Raad se genoemde beslissing en straf.

15.10 Behalwe waar die lid 'n formele ondersoek ingevolge sub-reël 15.9 aanvra, is die Raad se bevinding waarvan so 'n lid kragtens genoemde subreël in kennis gestel is, behoudens enige gebreke wat later daarin gevind mag word, finaal en *res judicata* wat alle persone daardeur geraak, betref.

15.11 Behoudens die beperkings hierkragtens voorgeskryf en enige verdere beperkings wat die Raad van tyd tot tyd voorskryf en te alle tye behoudens die bepalings van die Wet, word die pligte, funksies en bevoegdhede om 'n formele ondersoek ooreenkomstig die bepalings van hierdie subreël in te stel na enige klag wat die onderwerp uitmaak van 'n versoek vir sodanige ondersoek ontvang van die Raad ingevolge sub-reël 15.9.2, of ontvang van 'n lid ingevolge die voorbehoudsbepaling in sub-reël 15.9, aan 'n Dissiplinêre Ondersoekkomitee opgedra en by die instel van so 'n ondersoek is die volgende voorskrifte van toepassing, naamlik:

15.11.1 'n Ondersoek kragtens hierdie sub-reël neem 'n aanvang met die betekening aan die lid persoonlik, van 'n dagvaarding wat sy teenwoordigheid by die ondersoek vereis. Sodanige dagvaarding word onder die handtekening van die President of die Direkteur uitgereik en moet nie minder nie as VEERTIEN (14) dae voor die datum vasgestel vir die verhoor beteken word met berekening van welke tydperk naweke en openbare vakansie dae uitgesluit word.

15.11.2 'n lid wat verskyn by 'n ondersoek ingestel kragtens hierdie sub-reël is geregtig—

15.11.2.1 op regsverteenwoordiging;

15.11.2.2 om te weier om enige vraag te beantwoord wat hom mag inkrimineer in enige strafregtelike verrigtinge wat uit die ondersoek mag voortspruit.

15.11.3 die pligte, funksies en bevoegdhede van die Dissiplinêre Ondersoekkomitee met betrekking tot die instel van sy ondersoek kragtens hierdie sub-reël en soos voormeld is soos volg, naamlik:

15.11.3.1 Om deur sy voorsitter en te alle tye behoudens die voorskrifte van hierdie Reëls en van die Wet, die prosedure van die ondersoek te bepaal, in welke verband die voorsitter gelei moet word deur die praktyk en prosedure van strafregtelike verhore in die Hooggeregshof, insoverre hierdie Reëls en die Wet nie voorsiening maak vir enige saak in die besonder nie;

15.11.3.2 om enige praktiserende praktisyn of advokaat aan te stel om as 'n *pro forma* aanklaer by die ondersoek op te tree, ten einde getuienis aan te voer en om die saak teen die lid te stel;

15.11.3.3 om die bevoegdhede wat kragtens sub-artikel 71 (2) (a) van die Wet in die Raad setel uit te oefen;

15.11.3.4 om af te sien van enige vereistes aangaande dagvaardings, kennisgewings, beëdigde verklarings, dokumente, betekening, of tydperke in enige geval waar dit regverdig blyk om dit te doen, of om die tydperk waarbinne enigiets in verband met die prosedure van die ondersoek gedoen moet word, te verleng;

15.11.3.5 om *mero motu* of by aansoek deur enige party daardeur geraak, die ondersoek te verdaag op sodanige voorwaardes van koste, of andersins, wat die komitee goed vind;

15.11.3.6 om notule te hou van die verrigtinge by die ondersoek op so 'n wyse dat 'n getroue en juiste oorkonde van sodanige verrigtinge beskikbaar is en om sorg te dra dat elk van sy besluite skriftelik aangeteken word en voorafgegaan word deur 'n uiteensetting van sy bevindinge met betrekking tot die feite wat ondersoek is in die gang van die ondersoek en dit moet deur die voorsitter van die aldus gemagtigde komitee onderteken word; en om verder sorg te dra dat elke sodanige besluit in die argiewe van die Genootskap opgeneem word;

15.11.3.7 om *mero motu* as 'n afsonderlike klag van onprofessionele of oneerbare of onwaardige gedrag, enige optrede of versuim aan die kant van 'n lid wat 'n ondersoek ingestel kragtens hierdie sub-reël bywoon, of moet bywoon, te behandel waar sodanige optrede of versuim daarop bereken is om die komitee se behoorlike oorweging en ondersoek van die klag wat die onderwerp van sodanige ondersoek uitmaak en die bereiking van 'n bevinding te belemmer en om enige sodanige afsonderlike klag te verwys na 'n Dissiplinêre Komitee vir oorweging en ondersoek, ingevolge die bepalings van sub-reël 15.8;

15.11.3.8 om sodanige aanvullende bevoegdhede uit te oefen wat die komitee redelikerwys nodig mag ag om hom in staat te stel om sy pligte, funksies en bevoegdhede hierkragtens uit te oefen;

15.11.3.9 om alles wat nodig is te doen ten einde te verseker dat met alle dissiplinêre verrigtinge binne die bestek van sy pligte, funksies en bevoegdhede, regverdig, spoedig en ooreenkomstig hierdie Reëls gehandel word;

15.11.3.10 om aan die einde van die ondersoek, die lid vry te spreek van die aanklag wat die onderwerp van die ondersoek uitmaak, of hom skuldig te bevind aan onprofessionele of oneerbare of onwaardige gedrag met betrekking tot sodanige aanklag en in die geval van 'n vryspraak, die lid en die klaer, as daar is, dienooreenkomstig in kennis te stel.

15.11.4 By 'n skuldigbevinding ingevolge sub-klousule 13.11.3.10 mag die Dissiplinêre Ondersoekkomitee, na oorweging van die lid se dissiplinêre geskiedenis, òf—

15.11.4.1 die straf oplê soos voorgeskryf in sub-artikel (1) gelees met sub-artikels (2) en (3) van artikel 72 van die Wet, in welke geval die komitee die betrokke lid in kennis moet stel van sy bevinding en van die straf wat dit oplê en moet die komitee sodanige straf laat uitvoer, in welke geval dit ook wanneer deur die Raad òf in die algemeen òf in enige bepaalde geval daartoe gemagtig, sodanige inligting aangaande sy bevinding en straf wat die Raad mag vasstel, mag publiseer, met dien verstande dat dit nie, tensy deur die Raad gemagtig om dit te doen, die klaer in kennis mag stel van enige straf wat die lid soos voormeld opgelê is nie; òf

15.11.4.2 waar die komitee van mening is dat die aard van die aanklag waarop hy die lid skuldig bevind het sodanig is dat, met inagneming van die lid se dissiplinêre geskiedenis, dit 'n aansoek om die skrapping van sodanige lid se naam van die rol van prokureurs of sy skorsing uit die praktyk sou regverdig, 'n aanbeveling in dier voege by die Raad doen en terselfdertyd die oorkondes van die ondersoek aan die Raad stuur vir sodanige optrede waarop die Raad ingevolge sub-reël 15.12 mag besluit en in so 'n geval stel die komitee die betrokke lid in kennis van sy beslissing en aanbeveling soos voormeld.

15.11.5 Die Dissiplinêre Ondersoekkomitee bewaar, behalwe tot die mate in hierdie Reëls uiteengesit, die vertroulike aard van al sy ondersoekverrigtinge.

15.12 By ontvangs van 'n aanbeveling deur die Dissiplinêre Ondersoekomitee kragtens sub-reël 15.11.4.2 oorweeg die Raad die oorkondes van die ondersoek en besluit om òf—

15.12.1 die aanbeveling van die Dissiplinêre Ondersoekkomitee te aanvaar, in welke geval die Raad voortgaan om aansoek te doen om die skrapping van die lid se naam van die rol van prokureurs of vir sy skorsing uit die praktyk, welke optrede ook al gepas ge-ag word; of

15.12.2 nie die aanbeveling van die Dissiplinêre Ondersoekkomitee te aanvaar nie, in welke geval die Raad die komitee dienooreenkomstig in kennis stel en die saak na die komitee terugverwys, waarna genoemde komitee die straf moet oplê, soos bedoel in sub-reël 15.11.4.1, van welke sub-reël die bepalings *mutatis mutandis* geld.

15.13 'n Lid wat deur 'n Dissiplinêre Ondersoekkomitee skuldig bevind is kragtens sub-reël 15.11.3.10 het die reg om te appelleer, soos verleen ingevolge die bepalings van artikel 73 van die Wet.

15.14 By skuldigbevinding kragtens sub-reël 15.11.3.10 is die lid verplig om die koste, tensy dit kwytgeskeld is deur die Raad, te betaal wat aangegaan is deur die Raad in verband met die ondersoek, welke koste bereken word op 'n prokureur-en-kliënt-skaal en ooreenkomstig die Hooggeregshof (Provinsieale Afdeling Kaap die Goeie Hoop) tarief van toepassing op siviele gedingvoering en welke koste onmiddellik by ontvangs van die Genootskap se kosterekening, gesertifiseer onder die handtekening van die Direkteur, deur die lid betaalbaar is.

Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die voorafgaande, sluit die voormelde koste in—

15.14.1 die koste van optekening, transkripsie en voorbereiding van afskrifte van die oorkonde van die ondersoek;

15.14.2 koste aangegaan deur die Raad waar dit 'n *pro forma* aanklaer aanstel;

15.14.3 koste aangegaan deur die Raad waar dit 'n rekenmeester aanstel vir die ondersoek van en verslag oor die lid se rekeningboeke, waar van toepassing;

15.14.4 koste om die bywoning van getuies by die ondersoek te bewerkstellig asook hul reisgelde betaalbaar teen die tarief van toepassing op getuies in siviele gedinge in die Hooggeregshof (Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop);

15.14.5 redelike toelaes betaalbaar deur die Genootskap aan die Dissiplinêre Ondersoekkomitee voortspruitend uit hul afwesigheid van hul kantore gedurende die verhoor en afhandeling van die ondersoek.

15.15 Behoudens die bepalings van die Wet is alle toepaslike bepalings van hierdie Reël 15 *mutatis mutandis* van toepassing op 'n klerk onder leerkontrak, met dien verstande dat—

15.15.1 in die geval van 'n klag teen 'n klerk onder leerkontrak wat die onderwerp van 'n ondersoek deur 'n Dissiplinêre Komitee uitmaak—

15.15.1.1 die Dissiplinêre Komitee geregtig is om die prinsipaal van die klerk onder leerkontrak te voorsien van dieselfde inligting wat kragtens Reël 15.8.4 aan die klerk onder leerkontrak voorsien is;

15.15.1.2 moet die prinsipaal van die klerk onder leerkontrak, indien die Dissiplinêre Komitee dit vereis, by wyse van beëdigde verklaring en insoverre sy persoonlike kennis van die omstandighede hom toelaat om dit te doen, enige verduideliking wat aan die Dissiplinêre Komitee verstrek is deur sy klerk onder leerkontrak bevestig, ingevolge 'n versoek om sodanige verduideliking gerig ingevolge sub-reël 15.8.4;

15.15.1.3 die prinsipaal is geregtig om die verskyning van sy klerk onder leerkontrak voor die Dissiplinêre Komitee kragtens sub-reël 15.8.6, by te woon en hy moet dit bywoon indien die Dissiplinêre Komitee sy teenwoordigheid vereis, behalwe insoverre die komitee hom daarvan mag verskoon en te alle tye behoudens sy beskikbaarheid;

15.15.1.4 die prinsipaal moet, indien dit so deur die Dissiplinêre Komitee vereis word en behoudens sy beskikbaarheid, sonder sy klerk onder leerkontrak voor die komitee verskyn en in so 'n geval met of sonder regsverteenwoordiging, soos die prinsipaal mag verkies, met die doel om die komitee te voorsien van enige verdere inligting wat die komitee mag verlang, of wat die lid wil voorlê met betrekking tot die klag wat teen die klerk onder leerkontrak ondersoek word;

15.15.2 in die geval van 'n ondersoek ingestel deur die Dissiplinêre Ondersoekkomitee met betrekking tot 'n klag teen 'n klerk onder leerkontrak, is die prinsipaal van sodanige klerk onder leerkontrak geregtig om teenwoordig te wees en hy moet vir die volle duur van die ondersoek teenwoordig wees indien die Dissiplinêre Ondersoekkomitee dit vereis, behalwe insoverre hy deur die genoemde Komitee verskoon mag word en behoudens sy beskikbaarheid.

80. Deur die skrapping in sub-reël 17.1 van die woord "Artikel 3 (1)" en die vervanging daarvan deur die woorde "Artikel 57 (1)".

81. Deur die skrapping in sub-reël 17.2.12 van die woorde "Artikel 15 (d)" en die vervanging daarvan deur die woorde "Artikel 69 (d)".

82. Deur die skrapping in sub-reël 17.4 van die woord "Sekretaris" waar dit ook al verskyn en die vervanging daarvan deur die woord "Direkteur".

83. Deur die skrapping in sub-reël 17.4 van die woorde "Artikel 21 (5)" en die vervanging daarvan deur die woorde "Artikel 74 (5)".

84. Deur die skrapping in sub-reël 17.6 van die woorde " 'n prokureur" en die vervanging daarvan deur die woorde " 'n praktisyn".

Die Wetsgenootskap van die Kaap die Goeie Hoop, Posbus 4528, Kaapstad, 8000. Tel.: 24-8060/1/2.

ORANGE FREE STATE • ORANJE-VRYSTAAT

KENNISGEWING VAN AANSOEK AAN HOF VIR VERANDERING VAN HUWELIKSGOEDERE BEDELING KRAGTENS ARTIKEL 21 VAN WET 88 VAN 1984

Kennis geskied hiermee dat **Philippus Jeremia de Bruyn,** werksaam te Nerinastraat 41, Wilgehofwes, Bloemfontein, as applikant, en **Johanna Hendrina Elizabeth de Bruyn,** werksaam te Nerinastraat 41, Wilgehofwes, Bloemfontein, as applikante (gesamentlik na verwys as "Applikante") en beide woonagtig te Nerinastraat 41, Wilgehofwes, Bloemfontein, op 16 Julie 1987 om 10h00 of so spoedig daarna as wat die aansoek aangehoor kan word, kragtens artikel 21 van Wet 88 van 1984 aansoek sal doen by die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling, onder Aansoeknommer 2200/87 en wel vir 'n wysiging van die huweliksbedeling wat tussen hulle bestaan en 'n Bevel met die volgende strekking:

1. Dat die bestaande huweliksgoederebedeling waarkagtens die partye binne gemeenskap van goedere getroud is, nie meer op hulle huwelik van toepassing sal wees nie.

2. Dat verlof aan die partye verleen word om 'n Notariële Kontrak te sluit ooreenkomstig die afskrif aangeheg by die aansoekstukke as Bylae "B".

3. Dat die Registrateur van Aktes gemagtig en beveel word om die Notariële Akte ooreenkomstig Bylae "B" tot die aansoekstukke, te registreer en wel binne 10 weke vanaf datum van uitreiking van hierdie Agbare Hof se bevel.

4. Dat die bevel onderhewig is aan die regte van bestaande skuldeisers.

Indien u teen die voorgestelde wysiging of die aangevraagde bevel beswaar het en van voorneme is om die aansoek te bestry of vertoë in daardie verband wil maak, kan dit in skrif gedoen word by die Griffier van die bogemelde Agbare Hof met versending van 'n afskrif daarvan aan Applikant se prokureurs soos hieronder aangedui of kan u op die dag en tyd waarop die aansoek aangehoor word, verskyn ter bestryding van die aansoek.

Die aansoekstukke met die voorgenome Notariële Kontrak as bylae daartoe sal gedurende kantoorure ter insae lê by die kantoor van die Griffier voormeld asook die kantoor van die Applikante se hieronder aangeduide prokureurs. 'n Afskrif van hierdie stukke sal op versoek en gratis verskaf word.

Hierdie Kennisgewing word aan u gerig aangesien u 'n krediteur van een of beide van die voormelde Applikante is of 'n belang het of mag hê by die aangevraagde regshulp.

Gedateer te Bloemfontein hierdie 22ste dag van Mei 1987.

J. E. Coetzee, vir Symington & De Kok, Beide Applikante se Prokureur, NBS-gebou, Elizabethstraat, Bloemfontein.

APPLICATIONS FOR REGISTRATION OF TRADE MARKS IN SOUTH WEST AFRICA

(Applications accepted in terms of Act 48 of 1973)

Any person who has grounds for objection to any of the following trade marks may, within the prescribed time, lodge Notice of Opposition on form SM 6 contained in the Second Schedule to the Trade Marks Rules in South West Africa, 1973. The prescribed time is two months after the date of advertisement. This period may on application be extended by the Registrar.

Formal opposition should not be lodged until after notice has been given by letter to the applicant for registration so as to afford him an opportunity of withdrawing his application before the expense of preparing the Notice of Opposition is incurred. Failing such notice to the applicant an opponent may not succeed in obtaining an order for costs.

"B" preceding the number indicates Part B of the Trade Mark Register.

REGISTRAR OF TRADE MARKS FOR SOUTH WEST AFRICA

AANSOEKE OM REGISTRASIE VAN HANDELSMERKE IN SUIDWES-AFRIKA

(Aansoeke aangeneem ingevolge Wet 48 van 1973)

Enigiemand wat beswaar het teen enige van die onderstaande handelsmerke kan, binne die voorgeskrewe tydperk op vorm SM 6, vervat in die Tweede Bylae van die Handelsmerkregulasies in Suidwes-Afrika, 1973, Kennisgewing van Beswaar indien. Die voorgeskrewe tydperk is twee maande na die datum van advertensie. Hierdie tydperk kan op aansoek deur die Registrateur verleng word.

Formele beswaar moet nie ingedien word voordat die applikant om registrasie per brief van die beswaar in kennis gestel is nie, ten einde hom in die geleentheid te stel om sy aansoek terug te trek voordat onkoste in verband met die opstel van 'n Kennisgewing van Beswaar aangegaan word. By gebreke van so 'n kennisgewing aan die applikant, kan koste teen die beswaarmaker uitgewys word.

"B" voor die nommer dui aan Deel B van die Handelsmerkregister.

REGISTRATEUR VAN HANDELSMERKE VIR SUIDWES-AFRIKA

CLASS 11

86/0564(SWA) in Class 11: Installations for refrigerating, drying, ventilating, water supply and sanitary purposes; in the name of AECI LIMITED, a South African Company, of 16th Floor, Office Tower, Carlton Centre, Johannesburg, Transvaal, Republic of South Africa. Address for Service: Messrs. Adams & Adams, Benstra Building, 473B Church Street, Arcadia, PRETORIA.

POLYCOLD

Section 24 (1) (b).

FILED: 31 July 1986.

CLASS 32

86/0937(SWA) in Class 32: Beer, ale and porter; mineral and aerated waters and other non-alcoholic drinks; syrups and other preparations for making beverages; in the name of KWAZULU FINANCE AND INVESTMENT CORPORATION LIMITED, a Statutory body constituted in terms of proclamation R73 of 1978 of Site V 1317, Umlazi, Natal. Address for service: Messrs. Adams & Adams, Benstra Building, 473B Church Street, Arcadia, PRETORIA.

UBHEJANE

Ubhejane is a Zulu word meaning black rhinoceros.

FILED: 7 December 1986.

CLASS 32

86/0939(SWA) in Class 32: Beer, ale and porter; mineral and aerated waters and other non-alcoholic drinks; syrups and other preparations for making beverages; in the name of KWAZULU FINANCE AND INVESTMENT CORPORATION LIMITED—a Statutory body constituted in terms of Proclamation R73 of 1978—of Site V 1317, Umlazi, Natal. Address for service: Messrs. Adams & Adams, Benstra Building, 473B Church Street, Arcadia, PRETORIA.

IGUGU

Associated with 86/0940(SWA) and with 86/0941(SWA).

Igugu is a Zulu word meaning treasure.

FILED: 17 December 1986.

CLASS 32

86/0940(SWA) in Class 32: Beer, ale and porter; mineral and aerated waters and other non-alcoholic drinks; syrups and other preparations for making beverages; in the name of KWAZULU FINANCE AND INVESTMENT CORPORATION LIMITED—a Statutory body constituted in terms of Proclamation R73 of 1978—of Site V 1317, Umlazi, Natal. Address for service: Messrs. Adams & Adams, Benstra Building, 473B Church Street, Arcadia, PRETORIA.

Associated with 86/0939(SWA).

Igugu is a Zulu word meaning treasure.

FILED: 17 December 1986.

CLASS 32

86/0944(SWA) in Class 32: Beer, ale and porter; mineral and aerated waters and other non-alcoholic drinks; syrups and other preparations for making beverages; in the name of KWAZULU FINANCE AND INVESTMENT CORPORATION LIMITED—a Statutory body constituted in terms of Proclamation R73 of 1978—of Site V 11317, Umlazi, Natal. Address for service: Messrs. Adams & Adams, Benstra Building, 473B Church Street, Arcadia, PRETORIA.

UVOVO

"UVOVO" is the Zulu word meaning Nectar.

FILED: 17 DECEMBER 1986.

CLASS 32

86/0945(SWA) in Class 32: Beer, ale and porter; mineral and aerated waters and other non-alcoholic drinks; syrups and other preparations for making beverages; in the name of KWAZULU FINANCE AND INVESTMENT CORPORATION LIMITED, a Statutory body constituted in terms of Proclamation R73 of 1978 of Site V 1317, Umlazi, Natal. Address for service: Messrs. Adams & Adams, Benstra Building, 473B Church Street, Arcadia, PRETORIA.

IKHWEZI

Ikhwezi is the Zulu word meaning morning star.

FILED: 17 December 1986.

CLASS 3

B87/0047(SWA) in Class 3: Hair preparations; in the name of SHEEN PRODUCTS (PROPRIETARY) LIMITED of Bofors Circle, Epping 3, Cape Province, Republic of South Africa. Address for service: Messrs. Adams & Adams, Benstra Building, 473B Church Street, Arcadia, PRETORIA.

SHEEN-STRATE

Registration of this trade mark shall give no right to the exclusive use of the word "SHEEN", apart from the mark.

Applicants admit that registration of this trade mark shall not debar other persons from the bona fide descriptive use, in the ordinary course of trade, of the word "STRAIGHT".

FILED: 26 January 1987.

CLASS 3

87/0149(SWA) in Class 3: Bleaching preparations and other substances for laundry use; cleaning, polishing, scouring and abrasive preparations; soaps, perfumery, essential oils, cosmetics, hair lotions; dentifrices; in the name of CHECKERS SOUTH AFRICA LIMITED—a South African company of 220 Commissioner Street, Johannesburg, Transvaal, Republic of South Africa. Address for service: Messrs. Adams & Adams, Benstra Building, 473B Church Street, Arcadia, PRETORIA.

YELLOW BAND

Associated with 87/0150(SWA).

Registration of this trade mark shall give no right to the exclusive use of the word "YELLOW", or of the word "BAND", each apart from the mark.

FILED: 18 FEBRUARY 1987.

CLASS 9

87/0150(SWA) in Class 9: Scientific, nautical, surveying and electrical apparatus and instruments (including wireless), photographic, cinematographic, optical, weighing, measuring, signalling, checking (supervision), life-saving and teaching apparatus and instruments; coin or counter-freed apparatus; talking machines; cash registers; calculating machines; fire- extinguishing apparatus; in the name of CHECKERS SOUTH AFRICA LIMITED—a South African company of 220 Commissioner Street, Johannesburg, Transvaal, Republic of South Africa, Address for service: Messrs. Adams & Adams, Benstra Building, 473B Church Street, Arcadia, PRETORIA.

YELLOW BAND

Associated with 87/0151(SWA).

Registration of this trade mark shall give no right to the exclusive use of the word "YELLOW", or of the word "BAND", each apart from the mark.

FILED: 18 FEBRUARY 1987.

CLASS 16

87/0151(SWA) in Class 16: Paper and paper articles, cardboard and cardboard articles; printed matter, newspapers and periodicals, books; bookbinding material; photographs, stationery, adhesive materials (stationery); artists' materials, paint brushes, type-writers and office requisites (other than furniture); instructional and teaching material (other than apparatus); playing cards; printers' type and cliches (stereotype); in the name of CHECKERS SOUTH AFRICA LIMITED—a South African company of 220 Commissioner Street, Johannesburg, Transvaal, Republic of South Africa. Address for service: Messrs. Adams & Adams, Benstra Building, 473B Church Street, Arcadia, PRETORIA.

YELLOW BAND

Associated with 87/0152(SWA).

Registration of this trade mark shall give no right to the exclusive use of the word "YELLOW", or of the word "BAND", each apart from the mark.

FILED: 18 FEBRUARY 1987.

CLASS 6

B87/0249(SWA) in Class 6: Fasteners and fastening devices, bolts, studs, nuts, rivets, screws and nails; hardware; partly wrought metals; goods in non-precious metal not included in other classes; parts and fittings included in this class for the aforesaid goods; in the name of THE TORRINGTON COMPANY, a Corporation organised under the laws of the State of Delaware of 59 Field Street, Torrington, Connecticut 06790, United States of America. Address for service: Messrs. Adams & Adams, Benstra Building, 473B Church Street, Arcadia, PRETORIA.

TORRINGTON

Associated with B87/0250(SWA).

FILED: 9 March 1987.

CLASS 29

87/0152(SWA) in Class 29: Meat, fish, poultry and game; meat extracts; preserved, dried and cooked fruits and vegetables; jellies, jams; eggs, milk and other dairy products; edible oils and fats; preserves, pickles; in the name of CHECKERS SOUTH AFRICA LIMITED—a South African company of 220 Commissioner Street, Johannesburg, Transvaal, Republic of South Africa. Address for service: Messrs. Adams & Adams, Benstra Building, 473B Church Street, Arcadia, PRETORIA.

YELLOW BAND

Associated with 87/0153(SWA).

Registration of this trade mark shall give no right to the exclusive use of the word "YELLOW", or of the word "BAND", each apart from the mark.

FILED: 18 FEBRUARY 1987.

CLASS 30

